**Ek bid dat hulle almal een kan wees (OP248)**

**Joh 17:20-26**

**8 Februarie 2026**

Ons het reeds die afgelope drie weke stilgestaan by die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed in Joh 17. Ek beplan om vandag ons bestudering hiervan af te sluit. Ons het reeds na die eerste twee dele van die gebed gekyk: In die eerste deel het die Here Jesus vir Homself gebid. Hy het gebid dat die Vader Hom sal verheerlik met die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het voor die skepping. Deurdat die Vader Hom verheerlik, sal Hy ook die Vader verheerlik, deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart, wat ook tot gevolg sal hê dat die uitverkorenes die ewige lewe sal ontvang – en die essensie van die ewige lewe is dat hulle God sal ken. In die tweede deel van die gebed het die Here Jesus vir die dissipels in die bovertrek gebid. Hy het vir hulle gebid, want hulle het aan die Vader behoort. Boonop het Hy so baie in hulle belê en Hy sou wou sien dat dit die gewensde vrug sou oplewer. Die realiteit was egter dat alhoewel hulle geglo en Hom verheerlik het, was dit nog gebrekkig – en daarom het Hy vir hulle gebid, veral ook siende dat Hy binnekort sou weggaan. Laasweek het ons besin oor die inhoud van die Here Jesus se gebed vir die dissipels: Hy het gebid dat die Vader hulle in Sy Naam sal bewaar, m.a.w. dat die Vader hulle deur Sy krag sal bewaar om in die Vader se wil en plan te bly, en om almeer Sy beeld te vertoon, sodat hulle as't ware een met die Vader en die Seun sal word. Hy het ook vir hulle gebid dat hulle geheilig sal word deur die waarheid, en die waarheid is natuurlik die Here Jesus. As hulle geheilig word, sal hulle heilig wees, soos God, dan sal hulle Sy beeld effektief vertoon, en dan sal hulle volkome blydskap beleef.

Vandag wil ek graag stilstaan by die derde gedeelte van die Here Jesus se gebed. Hierdie laaste gedeelte van die gebed word vir ons beskryf in Joh 17:20-26. Lees vers 20. As die Here Jesus hier sê dat Hy nie net vir "hulle" bid nie, dan bedoel Hy dat Hy nie net vir die dissipels wat daardie aand in die bovertrek saam met Hom was, bid nie. Immers was dit tog juis vir hierdie dissipels vir wie die Here Jesus in die tweede deel van die gebed gebid het – dit was in verse 6-19. Die Here Jesus sê dat Hy nou ook gaan bid vir die mense wat deur die woorde van die dissipels in Hom sal glo. Laasweek het ons opgemerk hoe 'n groot rol daardie dissipels in die verdere Nuwe Testamentiese geskiedenis sou speel: Hulle sou diep spore trap in die vestiging van die eerste Christelike gemeentes, hulle sou groot bydraes maak om die evangelieboodskap te definieer en verkondig, hulle sou selfs groot gedeeltes van die Nuwe Testament neerskryf. Sodoende het hulle 'n kardinaal belangrike rol gespeel dat baie tot geloof gekom het. In die laaste gedeelte van Sy gebed, bid die Here Jesus nou juis vir hierdie gelowiges. Self gelowiges soos ons wat vandag leef, moet erken dat Here God die woorde van daardie dissipels gebruik om ons te leer en tot geloof te bring. Daarom kan ons die gevolgtrekking maak dat die Here Jesus in die derde gedeelte van Sy gebed vir alle gelowiges bid, deur die loop van die eeue heen, insluitend ons wat nou leef en glo.

Weereens is hier twee bedes in hierdie deel van die Here Jesus se gebed waarna ons moet kyk: (1) Die Here Jesus bid dat ons almal een kan wees (Joh 17:21-26), en (2) Die Here Jesus bid dat ons saam met Hom kan wees waar Hy is (Joh 17:24).

<u>Die Here Jesus bid dat ons almal een kan wees (Joh 17:21-26)</u>

Ek wil hierdie bede oordink onder die volgende drie punte: (1) Die inhoud van die bede, (2) Die doel van hierdie bede, (3) Die realisering van die inhoud van hierdie bede.

Wat die **inhoud** van die bede betref: Lees Joh 17:21. Die Here Jesus bid dat "hulle" almal een kan wees. Die "hulle" vir wie die Here Jesus bid, is ook die "hulle" van vers 20. Dit beteken die Here Jesus

bid vir almal wat deur die dissipels se woorde tot geloof in Hom sou kom. Dit is dus almal wat aan die Vader behoort, dit is dus almal wat die Vader aan die Here Jesus gegee het en aan wie Hy die ewige lewe gegee het, dit is dus al die uitverkorenes. Let op: al die uitverkorenes – uit alle volke, stamme, tale en nasies, vanaf alle plekke regoor die hele aarde, uitverkorenes wat deur die loop van alle eeue al geleef het, die uitverkorenes wat nou leef, en ook al die uitverkorenes wat nog sal leef totdat die Here Jesus weer kom. Dit is vir hulle almal wat Hy bid. En waarvoor Hy vir hulle almal bid, is dat hulle almal een kan wees.


Dit beteken, dat al hierdie uitverkorenes, ongeag hulle herkoms, ongeag van wanneer hulle leef, moet een wees. Hulle moet een wees in doel, in liefde, in dade. Hulle moet saamwerk met mekaar en vir mekaar, terwyl hulle almal saam hulle onderwerp aan die openbaring wat die Vader aan die Seun gegee het, en wat die Seun aan die dissipels gegee het, en wat die dissipels aan ons gegee het, waardeur ons tot geloof gekom het.

Maar lees weer vers 21. Die eenheid gaan verder: Dit is nie net 'n eenheid onderling tussen die gelowiges nie, nee, dit is ook 'n eenheid met die Vader en die Seun. Die Here Jesus het natuurlik al in die verlede geleer dat Hy en die Vader een is. Ons het al besin oor die misterie van die Drie-Eenheid: Drie Persone in die Godheid. Hulle is drie onderskeibare Persone, elkeen met Sy eie rol. Die Vader versorg en inisieer Sy plan, die Seun skep en herskep in lyn met die Vader se plan, die Heilige Gees kom en getuig oor die Here Jesus en lei die dissipels in die volle waarheid in. Drie Persone met drie rolle en verantwoordelikhede – maar een doel: Die aarde moet gevul word met die heerlikheid van God! Om hierdie eenheid tussen Homself en die Vader te beskryf, sê die Here Jesus Hy is in die Vader, en die Vader is in Hom. Dit is wat die Here Jesus ook vroeër hierdie aand vir die dissipels gesê het – kyk maar na Joh 14:10. En daarom spreek die Here Jesus net die Vader se woorde, en doen Hy net Sy Vader se opdragte – want hulle is een, met een doel. Maar, let nou op, die Here Jesus bid in vers 21 nie net dat die uitverkorenes onderling een kan wees soos wat Hy en die Vader een is nie, Hy bid ook dat al hierdie uitverkorenes in Hom en die Vader kan wees! Hy bid dat die Vader, die Seun en ons almal as uitverkorenes moet een wees! Weereens strook dit met Joh 14:20: Die dissipels is in Hom en Hy in hulle. Die Here Jesus bid dat die uitverkorenes een kan wees met die Seun en die Vader, soos wat die Vader en die Seun een is. Wanneer ons begin dink oor wat dit beteken, is dit nuttig om te onthou wat ons uit die Drie-Eenheid geleer het: Die Drie Persone in die Godheid is onderskeibaar, Elkeen met 'n eie verantwoordelikheid, maar Hulle is een in die doel waarheen Hulle werk. As die Here Jesus dus bid dat ons een moet wees met Hom en die Vader, moet dit dus beteken dat ons steeds onderskeibaar sal wees van die Vader en die Seun – Hulle is steeds God, ons word nooit God nie. Maar ons is een in doel, ons het dieselfde doel as die Vader en die Seun. Soos wat die Vader en die Seun Elkeen 'n verantwoordelikheid het om hierdie doel te bereik, het ons ook 'n verantwoordelikheid. Ons verantwoordelikheid is anders as die verantwoordelikhede van die Vader en die Seun, maar ons is een, met dieselfde doel voor oë.

Asof bogenoemde nie verstommend genoeg is nie, gaan die Here Jesus in vers 22-23 nog verder. Lees Joh 17:22-23. Let nou op: Die Here Jesus sê dat die Vader aan Hom heerlikheid gegee het, en die Here Jesus het toe hierdie heerlikheid aan die uitverkorenes gegee. Die doel hiermee was dat die uitverkorenes een kan wees, soos die Vader en die Seun. Vers 23 voeg selfs by: sodat hulle volledig een kan wees met die Vader en die Seun. Kom ons besin nou oor watter heerlikheid die Vader aan die Seun gegee het, wat Hy op Sy beurt aan die uitverkorenes gegee het: Wel, in die eerste gedeelte van die gebed in vers 1, het die Here Jesus gebid dat die Vader Hom moet verheerlik. Ons het 'n paar weke gelede daaroor besin dat hierdie verheerliking verwys na die pad van verheerliking wat die Here Jesus die volgende dag sou aanpak – deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Sodoende sou Hy weer die heerlikheid ontvang wat Hy alreeds voor die skepping gehad het, maar

wat Hy deels prys gegee het toe Hy Homself verneder het, en mens geword het. Dit was ook juis hierdie heerlikheid wat die Vader aan Hom gegee het, waardeur Hy geregtigheid vir die uitverkorenes kon bewerk. Dit is deur hierdie geregtigheid, wat Hy deur Sy pad van verheerliking bewerk het, dat Hy heerlikheid aan die uitverkorenes kon gee. Hierdie heerlikheid sal vir hulle die ewige lewe beteken, en soos wat die Here Jesus in vers 3 gebid het, die werklike essensie van die ewige lewe is dat hulle Hom en die Vader sal ken – dit is die resultaat van die heerlikheid wat die Vader aan Hom gegee het, en wat Hy aan die uitverkorenes gegee het. Nou ken die uitverkorenes die Vader en die Seun. Terselfdertyd het die Seun ook weer die heerlikheid ontvang wat Hy voor Sy vernedering gehad het.

Die vraag is nou: Wat doen die uitverkorenes met die heerlikheid wat hulle van die Here Jesus ontvang het, m.a.w. wat doen hulle met die geregtigheid wat hulle deur die Seun ontvang het? Wel, in Joh 17:10 het ons geleer dat hulle die Seun verheerlik. En in Joh 15:8 het ons geleer dat hulle ook die Vader verheerlik. Wat doen die Seun met die heerlikheid wat Hy van die Vader ontvang het? Wel in Joh 17:1 het ons geleer dat Hy daardeur die Vader verheerlik. Geliefdes, snap jy dit? Ek het in die notas wat ek saam met die preek versprei het, dit skematies probeer uitbeeld:





Die Vader gee heerlikheid aan die Seun, en die Seun gee heerlikheid aan die uitverkorenes. Die gevolg is die uitverkorenes verheerlik die Seun en ook die Vader. En die Seun verheerlik ook die Vader. Wat is die eindresultaat: Die Drie-Enige God word verheerlik. Dit was nog altyd die doel. En die eenheid van die uitverkorenes lê juis daarin dat hulle almal saam bydra tot hierdie einddoel. Hulle is een met die Vader en die Seun om hierdie doel te bereik. Ja, hulle het 'n ander verantwoordelikheid as die Vader en die Seun. Hulle is die voorwerpe vir wie die Vader deur Sy Seun geregtigheid bewerk, maar die doel is dat hulle die Vader sal verheerlik, soos wat die Vader die Seun verheerlik, en soos wat die Seun die Vader verheerlik. Ons is een met die Vader en die Seun.

Kan ek jou herinner aan Eks 24:17 waar ons lees van God se heerlikheid wat afgekom het na die berg Sinai – en hoe vreesaanjaend dit vir die volk was. Of dink aan Moses wat in Eks 33:18 die versoek aan God gerig het om Sy heerlikheid te sien – maar God se antwoord aan Hom was dat geen mens dit kan sien en bly lewe nie. Hoekom nie? Want die heerlikheid van God is die som totaal van alles wat bydra daartoe dat God God is: Sy almag, soewereiniteit, wysheid, genade, liefde, ontferming, heiligheid, regverdigheid, en noem maar op. Een van God se attribute, naamlik Sy heiligheid, eis dat iemand wat in Sy teenwoordigheid kom, ook heilig moet wees – en dit was die probleem vir die volk en ook vir Moses: Hulle was nie heilig nie. Dit was eers nodig dat die Here Jesus die pad van verheerliking moes loop deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart, voor Hy aan die uitverkorenes geregtigheid kon gee, en dus heerlikheid kon gee, sodat hulle Hom en die Vader in al Hulle heerlikheid kon sien – en dan met oortuiging in verheerliking van die Seun en die Vader neerval!

As die Here Jesus bid dat ons in die heerlikheid van die Seun en die Vader gaan deel, beteken dit dat ons dan ook God gaan wees? Onthou wat leer 1 Joh 3:2: "Geliefdes, nou is ons kinders van God, maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Wat ons weet, is dat wanneer Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." Nee, ons gaan nie God wees nie, maar ons

gaan soos die Seun van God wees! Hoe is dit? Ons gaan sonder sonde wees, soos Hy sonder sonde is. Ons gaan liefhê, soos Hy liefhet. Ons gaan geregverdig wees, soos Hy regverdig is. Ons gaan heilig wees, soos Hy heilig is. Verder, soos wat die Drie-Eenheid perfek belyn is met mekaar in terme van wat Hulle doen en sê, gaan ons dit ook doen. Netsoos die drie Persone in die Drie-Eenheid elkeen Hulle onderskeie rolle het terwyl Hulle een plan uitvoer, word ons ook deel van daardie plan. Ons is een met die Vader en die Seun. Maar, let nou op: Hier is die verstommende: Wanneer die Here Jesus kom, gaan ons Hom sien soos Hy werklik is. Die volk by Sinai moes op 'n afstand bly. Moses kon net die heerlikheid van God van agter sien. Maar ons as die uitverkorenes gaan Hom dan sien soos wat Hy werklik is – in al Sy heerlikheid wat Hy weer van die Vader ontvang het. En dan gaan ons ons rol vervul: Om Hom en die Vader te verheerlik vir wie Hulle is en wat Hulle doen. Dink aan Genesis 1 waar die mens beskryf word as die beeld van God. Dit is wat ons gaan wees: 'n getroue beeld van God!

Daar is nog 'n aspek van hierdie eenheid wat ons nie moet mis nie. Aan die einde van vers 23 sê die Here Jesus dat die Vader die uitverkorenes liefhet, soos die Vader Hom liefgehad het. Lees ook Joh 17:26. Hier bid die Here Jesus weereens, dat die liefde wat die Vader vir die Seun gehad het, moet ook in die uitverkorenes wees. Lees Joh 15:9-10. Die Vader het die Seun lief, en die Seun bly in die liefde van die Vader deurdat Hy die opdragte van Sy Vader getrou uitvoer. En dan trek die Here Jesus die lyn verder: Hy sê Hy het die uitverkorenes lief, soos wat die Vader Hom liefhet. Soos wat Hy in die liefde van die Vader bly deur die Vader se opdragte uit te voer, so moet die uitverkorenes in Sy liefde bly deur Sy opdragte aan hulle uit te voer. Maar wat is die opdrag van die Here Jesus aan die uitverkorenes? Lees Joh 15:12. Onder andere ook dat hulle hulle mede-uitverkorenes moet liefhê. In Joh 13:14 sê die Here Jesus hulle moet mekaar se voete was, soos wat Hy hulle voete gewas het. Weereens het ek dit in die meegaande notas skematies probeer uitbeeld – kyk gerus daarna.




Die punt is: Hierdie eenheid waarvoor die Here Jesus bid, is 'n liefdes-eenheid. En hierdie liefdes-eenheid word sigbaar in dade van gehoorsaamheid. Soos wat die Here Jesus gehoorsaam is aan Sy Vader, moet die uitverkorenes gehoorsaam wees aan Hom, en hulle moet ook reageer op hulle onderlinge liefde deur mekaar se voete te was. Immers werk die Vader en die Seun en die uitverkorenes na dieselfde einddoel toe. Immers is hulle lief vir mekaar. Immers werk hulle saam.

Tot dusver het ons gefokus op die inhoud van die Here Jesus se bede vir eenheid. Kom ons kyk vervolgens na die **doel** van hierdie bede. Natuurlik is die hoogste doel van die Here Jesus met hierdie bede, dat die Vader en die Seun verheerlik word, soos wat ons nou al bespreek het.

Maar volgens verse 21 en 23 is daar nog 'n verdere doel met hierdie eenheid. Lees Joh 17:21 en 23. Volgens vers 21 is die doel dat die wêreld kan glo dat die Vader die Seun gestuur het, en volgens vers 23 dat die wêreld kan weet dat die Vader die Seun gestuur het gedring deur Sy liefde vir die Here Jesus en die uitverkorenes. Die punt is: Die wêreld moet weet. Ons weet die term "wêreld" verwys na die sondegevalle mensdom, die mense wat die Here Jesus nie wil erken nie. Dit is hulle wat moet weet. Maar onthou: Selfs die uitverkorenes was op 'n stadium deel van die wêreld. Maar toe het die Here Jesus gekom, en Hy het die Vader kom bekend maak aan die wat aan die Vader behoort. En toe het hulle tot geloof gekom, en die inhoud van hulle geloof was dat die Here Jesus van die Vader gekom het (Joh 17:8). Ons weet egter ook dat deel van die eenheid van die uitverkorenes met die Vader en die Seun is dat netsoos die Vader die Seun na die wêreld gestuur het, stuur die Seun ook

die uitverkorenes na die wêreld (Joh 17:18). En die doel is dat hulle in die wêreld moet gaan getuig, sodat die wêreld kan weet dat die Vader die Seun gestuur het. Verder moet die wêreld ook oortuig word dat die Vader die Seun gestuur het, gedring deur Sy liefde vir die Seun en die uitverkorenes. Geliefdes, verstaan jy die implikasie van wat die Here Jesus hier bid? Die eenheid wat ons as uitverkorenes met mekaar en met die Vader en die Seun het, moet 'n getuienis na die wêreld wees om hulle te oortuig die Here Jesus is die Christus. Die liefde wat in ons eenheid met mekaar en die Vader en die Seun na vore kom, moet 'n getuienis na die wêreld wees dat hierdie eenheid 'n eenheid in liefde is. Dit moet die aandag van die wêreld trek. Die gesamentlike strewe van alle uitverkorenes vir die verheerliking van die Vader en die Seun, die gesamentlike strewe om in liefde mekaar se voete te was, behoort 'n getuienis na die wêreld te wees, om hulle te oortuig om in hierdie eenheid te kom deel. Onthou, hierdie eenheid moet 'n eenheid wees tussen alle uitverkorenes van regoor die wêreld selfs deur alle eeue heen. Wat dink jy: Hoe vaar ons, die kerk van ons tyd, in hierdie getuienis? Ek dink ons kan met reg sê dat dit noodsaaklik is dat die Here Jesus hierdie bede moet bid.

Wanneer ons onder die indruk kom van hoe ver ons tekort skiet wat hierdie eenheid betref, kan ons ook met reg vra: Maar hoe gaan hierdie eenheid realiseer?

In Eks 34:28-35 lees ons van Moses se gesig wat stralend geword het nadat hy met die Here gepraat het. Nadat Moses met God gepraat het, het hy vir die Israeliete gesê wat God gesê het, en daarna het hy sy gesig met 'n sluier toegemaak – totdat hy weer met die Here gaan praat het – dan het hy die sluier verwyder, en sy gesig het opnuut begin straal. Sy gesig het dus gestraal a.g.v. die feit dat hy in die teenwoordigheid van God was en omdat Hy met God gepraat het. Geliefdes, hy was in die teenwoordigheid van die heerlikheid van die Here (waarskynlik het hy steeds net 'n mate van die heerlikheid gesien) – maar soos wat Hy van God geleer het tydens hierdie interaksies met God, en soos wat hy God se heerlikheid beleef het (al was dit net tot 'n mate), het sy gesig stralend geword.

Lees nou 2 Kor 3:12-18. Paulus vertel ook Moses se gesig het gestraal. Volgens Paulus was die sluier wat Moses gedra het, nodig sodat die volk nie gesien het Moses se gesig verdof weer wanneer hy nie met God gepraat het nie. Maar Paulus lê eintlik klem op 'n ander sluier: Dit is die sluier oor die harte van die Israeliete. Selfs al is hulle met die Ou Testament, wat God se woord is, dit is die woord wat Moses se gesig laat straal het, gekonfronteer, was hulle harte hard, dit was versluier, en hulle het dit nie verstaan nie, gevolglik het hulle nie begin straal nie. Maar, sê Paulus, daar is net een manier waarop hierdie sluier oor harde harte verwyder kan word: Deur Jesus Christus! Elke keer as iemand hom tot die Here wend in die Here Jesus, dan word die sluier weggevat – dit word weggevat deur die Heilige Gees. Ons weet mos die Heilige Gees sou kom om juis oor die Here Jesus te getuig – sodoende verwyder Hy die sluier. En wat gebeur dan? Kyk na vers 18: "En ons almal (dit is die uitverkorenes), terwyl ons met ontsluierde gesig die heerlikheid van die Here aanskou, word na dieselfde beeld verander, van heerlikheid tot heerlikheid, soos afkomstig van die Here, die Gees."

Geliefdes, kom ons probeer die wonder hiervan begryp: Wanneer Moses met God gepraat het, het sy gesig gestraal – want hy is met God se woorde en ook Sy heerlikheid gekonfronteer. Die Israeliete het wel die woorde gehoor wat God vir Moses gegee het – maar dit het geen effek op hulle gehad nie, want hulle harte was verhard deur 'n sluier. Maar toe kom die Here Jesus Christus. En Hy neem hierdie sluier weg van die harte van die uitverkorenes. En die Heilige Gees kom. En Hy lei die uitverkorenes in die volle waarheid van Christus in, deur die woord. En die gevolg is dat die uitverkorenes al meer en meer van die heerlikheid van die Vader en die Seun sien. En in die proses word hulle verander na die beeld van die Vader en die Seun. In die proses word hulle verander van heerlikheid tot heerlikheid. Totdat hulle 'n getroue beeld van die Vader en die Seun is. Totdat hulle een met die Vader en die Seun is.

Dit is wanneer hulle so groei van heerlikheid tot heerlikheid, dat hulle die wêreld fassineer. Soveel so dat die wêreld ook in hierdie heerlikheid en eenheid wil deel. Dit is hoe hulle ‘n effektiewe getuienis teenoor die wêreld kan wees. Maar let op: Dit is deur die woord en die werk van die Seun en die Gees dat die sluier verwyder word. As ons as uitverkorenes werklik wil streef na effektiewe eenheid om effektiewe getuies te wees, as ons werklik wil groei van heerlikheid tot heerlikheid, sal ons ons al meer in die woord moet verdiep onder die leiding van die Heilige Gees.

<u>Die Here Jesus bid dat ons saam met Hom kan wees waar Hy is (Joh 17:24)</u>

Lees Joh 17:24. Die Here Jesus bid, dat Hy wil hê dat diegene wat aan die Vader behoort en wat die Vader aan Hom gegee het, m.a.w. dat die uitverkorenes, ook mag wees waar Hy is. Onthou nou waar die gesprek op daardie Donderdagaand begin het: Die Here Jesus het vir die dissipels gesê Hy staan op die punt om weg te gaan. Sy dissipels was ontsteld, veral omdat hulle nie kon saamgaan nie – wel, ten minste nie op daardie stadium nie. Lees Joh 14:3. Hier het die Here Jesus aan hulle belowe: Wanneer Hy weggaan, gaan Hy om vir hulle plek voor te berei. Wanneer Hy klaar plek voorberei het, sal Hy weer kom. En dan sal Hy hulle na Hom neem. En dan sal hulle ook wees waar Hy is. Waarvoor die Here Jesus nou hier in Joh 17:24 bid, is dat die Vader sal toesien dat juis dit sal gebeur. Ons verstaan natuurlik dat waarvoor die Here Jesus hier bid, is dat ons, die uitverkorenes, na die wederkoms en die oordeelsdag saam met die Here Jesus op die nuwe aarde sal woon, waar God ook by ons sal woon, soos ons in Op 21-22 lees. Weereens bid die Here Jesus dat sal gebeur wat Hy beloof het sal gebeur – weereens bid die Here Jesus vir die vervulling van Sy Vader se plan.

Maar let weereens op die doel hoekom die Here Jesus hierdie bede bid: Sodat ons, die uitverkorenes, Sy heerlikheid mag sien! Maar, sou jy kon vra, sien ons nie alreeds die heerlikheid van die Seun nie? Ons het tog geleer dat Hy verheerlik is deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Ons het tog die evangelie – wat juis hierdie pad van verheerliking van die Here Jesus beskryf. Paulus sê hy het Christus verkondig sodat ons Hom as’t ware aan die kruis kon sien hang. Sien ons dan nie alreeds die heerlikheid van die Here Jesus nie? Ja, ons sien – maar net gedeeltelik. Onthou die Here Jesus se bede in Joh 17:5 – Hy het gevra die Vader moet Hom verheerlik sodat Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy gehad het voor die wêreld bestaan het., sodat Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy voor Sy vernedering gehad het. En dit is waarvoor die Here Jesus vra: dat ons as uitverkorenes daardie volle heerlikheid van Hom as die Seun van God mag sien. En dan gaan ons die Seun, en God verheerlik, as deel van die groot skare in die hemel waarvan ons in Op 19 lees. Lees Op 19:6-8.

<u>Toepassings</u>

Ek sluit af met ‘n paar toepassings:

- Het jy opgelet hoe ‘n groot ooreenkoms daar is tussen die inhoud van die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed en die Onse Vader wat Hy Sy dissipels geleer het?
    - Die fokus dat die Vader (en die Seun) verheerlik moet word, is in lyn met die eerste bede in die Onse Vader: Laat U Naam geheilig word
    - Die fokus op die bewaring, heiliging en eenheid van die uitverkorenes is in lyn met die tweede bede in die Onse Vader: Laat U koninkryk kom
    - Die fokus op hulle gehoorsaamheid wat voortspruit uit hulle geloof dat die Here Jesus van die Vader gekom het, is in lyn met die derde bede van die Onse Vader: Laat U wil geskied. Trouens, die hele gebed van die Here Jesus is ‘n soeke dat die wil van die Vader sal gebeur.

    - Die fokus op hulle bewaring in hierdie wêreld sluit tog sekerlik hulle fisiese bewaring in, wat in lyn is met die vierde bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood
    - Die fokus op hulle heiliging is tog in lyn met die vyfde bede: Vergeef ons ons sondes
    - Die fokus op hulle bewaring en heiliging is tog in lyn met die sesde bede: Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.

  Die vraag is: Reflekteer ons gebede juis hierdie sake? Reflekteer ons gebede die Here Jesus se gebed?

- Geliefdes, besin oor die volgende: Tot watter mate konfronteer ons die wêreld? Is ons eenheid met die Vader en die Seun en met mede-uitverkorenes so duidelik dat die wêreld jaloers raak daarop? Getuig ons lewens tot so 'n mate van die liefde van God dat die wêreld daardeur aangespreek word? Bestudeer ons die werke en die woorde van die Vader en die Seun tot so 'n mate dat ons verander van heerlikheid tot heerlikheid? Bid ons vir die werk van die Heilige Gees om ons hierin te lei? Dit is tog hoe ons 'n getuienis teenoor die wêreld kan lewer. En nog meer belangrik – dit is tog hoe ons die Vader en die Seun nou alreeds kan verheerlik. Mag die Vader die Here Jesus se gebed vir ons verhoor.